Pennedas, Klerebank & Verlore Klere

10 September 2024

Geagte Ouers / Voogde,

Laerskool Louw Geldenhuys se Somer en Winter KDA drag is direk by die skool beskikbaar en nie by die skooldrag leweransiers nie. Die skoolwinkel, Pennedas, behartig die verkope van die KDA klere sowel as die Louwtjiesokkies en ander Louwtjiebykomstighede. Die Louwtjies Klerebank vir tweedehandse klere word ook deur die Pennedas behartig. Navrae: Luzanne by klets@llg.co.za.

PENNEDAS & KLEREBANK TYE	
MAANDAG TOT DONDERDAG	
Tydgleuf 1	07:30 – 08:30
Tydgleuf 2	13:00 – 14:00
PENNEDAS & KLEREBANK BETALINGS	
GEEN KONTANT	
Slegs betalings met d6 of debiet-/kredietkaarte word aanvaar.	
VERLORE KLERE	
1	Verlore klere of goedere wat op die terrein opgetel word, word geplaas in kratte vir verlore goedere.
2	Klere wat op ‘n Maandag opgetel is, word in die Maandag krat gegooi ens. Dit is sodat die leerders weet waar om te soek ten opsigte van wanneer hulle die item verloor het.
3	Die items word ook gesorteer in groepe vir Junior- en Seniorfase sowel as gemerk en ongemerk. Leerders kan tydens pouse hulle verlore items in die gemerkte kratte kom soek. Daar sal 2 Graad 7-leerders aan diens wees om hulp te verleen.
4	Die items sal slegs vir 24 uur daar bly waarna dit na die Junior Klerebank geskuif sal word. Gemerkte items wat nie kom haal word by die Junior Klerebank nie sal na 5 dae deur Juf. Nicolene of Juf. Tammy vir die leerders geneem word.
5	Ander items wat nie binne 5 dae opgeëis is nie, sal na die Pennedas geneem word om deur die Klerebank verkoop te word.
6	Ons versoek dat alle klere en skoene asseblief binne-in gemerk sal word met die leerders se naam en van, sodat alle verlore items maklik terugbesorg kan word.

Mnr. Martin Bensch
SKOOLHOOF